



LUPINO

Nuusbrief van die lupinewerkgroep : Wes-Kaap

Junie 2003 No 14

Riglyne vir ‘n “Geïntegreerde Beheerstrategie” ter voorkoming van onkruidodderweerstand Opgestel deur die HRAC-komitee van die AVCASA-Kaapwerkgroep.

1. AGTERGROND

Wildevaer-weerstand is alreeds in 1986 bevestig en raaigras weerstand in 1994 in Wes-Kaap. Sedertdien is onkruidodderweerstand bevestig in kanariesaadgras, ramenas en nou ook predikantsluis. Verder is kruisweerstand en veelvoudigeweerstand in veral raaigras ook reeds bevestig. Raaigrasweerstand teen glifosaat en meer onlangs teen parakwat is ook ‘n feit. Die aantal gevalle asook area waar weerstandbiedende onkruid voorkom, neem kommerwekkend toe.

2. IMPLIKASIES VAN ONKRUIDODDERWEERSTAND

Vermindering van gewas opsies
Hoër onkruidbeheerkostes
Verminderde potensiële inkomste
Verlaging in waarde van grond.

3. WAT MOET ‘N PRODUSENT DOEN OM DIE RISIKO TE BESTUUR?

Bepaal die weerstandstatus op u plaas deur :

1. Rekordhoudingstelsel - onkruidodder gebruik per land.
2. Beplan ‘n onkruidbeheerprogram vooruit wat teen-weerstand-strategieë insluit.
3. Monitor die doeltreffendheid van die program en teken afwykings aan.
4. Versamel saad van onkruid wat nie beheer is nie en toets om weerstand te bevestig, al dan nie. [Sien punt 5.]

4. PRAKTYKE OM WEERSTAND TEEN TE WERK

1. Verhoed saadvorming by onkruid
2. Verlaag die hoeveelheid saad in die saadbank
3. Verbou ‘n hoogs kompeterende gewas.

Dit word behaal deur die toepassing van :

1. Wisselbou
2. Bewerkingspraktyke
3. Afwisseling van chemiese groepe

4.1 WISSELBOU

- Kies gewasse waar chemie met ander metodes van werking gebruik kan word, bv. Kerb in weidings, *simasien* in lupiene en canola.
- Gebruik “pasture topping” in weidings om grassade te steriliseer.
- Plant gewasse vir kuilvoer wat groen gesny word.
- Pas drukkeweiding toe.
- Oorweeg “crop topping” om saadvorming te verhoed.

4.2 BEWERKINGSPRAKTYKE

Voorsaai bewerking en/of bespuiting.

- Plant probleem lande later
- Plant onkruidvrye saad.
- Verhoog plantdigtheid, verseker kompeterende gewas.
- Spuit wenakkers, kontoerwalle, grensdrade.
- Spuit kolle binne land dood of verwyder met die hand.
- Stroop weerstandbevestigde lande laaste.
- Skoonmaak van implemente, stropers.
- Vang grassade agter stroper op.
- Brand stroperbane.

4.3 AFWISSELLING VAN CHEMIESE GROEPE

- Metode van werking op etikette aangedui

GROEP	B	ONKRUIDDODER
-------	----------	--------------

- Moet nie onkruidodders uit dieselfde groep op dieselfde land meer as een keer per seisoen gebruik nie.
- Moet nie dieselfde onkruiddoder op dieselfde land in die daaropvolgende seisoen gebruik nie.

KLASSIFIKASIE VAN ONKRUIDDODERS VOLGENS METODE VAN WERKING

GROEP A ACC-ase inhibeerders

Fops : Topik, Hoelon, Puma Super, Fusilade Super, Gallant Super, Agil, Pilot Super.

Dims : Grasp, Focus Ultra, Aramo

GROEP B ALS inhibeerders

Sulfonielureas	:	Glean, Hero, Ally, Peak, Finesse, Logran, Harmony M, Monitor, Hussar, Cossack
Imidazolinones	:	Cysure
Triazolopirimidines	:	Derby, Sinal

GROEP C Fotosintese inhibeerders

C1	Triasiene	:	<i>simasien, atrasien</i>
C2	Ureas	:	Afalon, <i>linuron, diuron</i>
C3	Nitrales	:	Buctril, <i>bromoksinil</i> , Totril

GROEP D Bipiridiliums : Reglone, Gramoxone

GROEP E PPO inhibeerders : Compete, Goal, Ronstar

GROEP F Bleachers : Brodal, Solicam

GROEP G Glycines : Roundup, Sting

GROEP H Fosfiniese sure : Basta

GROEP I Karbamate :

GROEP K1 Dinitroanilienes : Treflan, Surflan, Stomp, Visor

K2 Inhibisie van mitose :

K3 Inhibisie van seldeling: Lasso, Dual, Butisan, Wenner, Frontier, Kerb

GROEP L Inhibisie van selwand sintese: Flexidor

GROEP M Membraan verskeuring: DNOC, dinoseb

GROEP N Inhibisie van lipiedsinteseTiokarbamate : Eptam, Tillam

GROEP O Sintetiese ouksiene [hormone] : 2,4-D, MCPA, Banvel, Tordon, Garlon, Lontrel

5. WEERSTANDTOETSING

Wetenskaplike toetsing om :

1. weerstand te bevestig , al dan nie
2. tipe weerstand te bepaal
3. vlak van weerstand te bepaal
4. moontlike alternatiewe produkte te bepaal

Twee tipes toetse:

Jong plante [vegetatiewe groeifase]
Minimum van 200 plante/monster [klamgrond om wortels]

Ryp saad
Twee groot dubbele handevol pluime/monster in papiersak

INLIGTING BENODIG : Produsent se naam
 Adres en telefoonnommer
 Land naam
 Produk gespuit

STUUR AAN : Dr P J Pieterse
 Departement Akkerbou en Weiding
 Welgevallen Proefplaas
 Privaatsak X1
 MATIELAND 7602
 Tel : [021] 808 4805

KOSTES : R100 per monster

S.K.O.G. NOU REEDS 12 JAAR MET ONS.

(Swartland Kleingraan Ontwikkelings Groep)

Die volgende S.K.O.G. boeredag word gehou op DINSDAG, die 9de SEPTEMBER 2003 op LANGGEWENS Proefplaas. Beplanning vir die dag is reeds volstoom aan die gang. Die S.K.O.G. bestuur en – medewerkers is baie ernstig daarvoor om ‘n uitstaande interessante program saam te stel vir die dag.

Dit is vir S.K.O.G. baie belangrik om gedurig te vernuwe en PRODUSENTE se vraagstukke voorop te stel wanneer die Boeredagprogram saamgestel word. Om daardie rede is drie PRODUSENTE, uit verskillende streke, opgeneem in die Bestuursliggaam.

S.K.O.G. se doelstellings kan saamgevat word in die volgende hoofpunte:

- Praktykgerigte voorligting d.m.v. demonstrasies en toeligting.
- Probleemhantering bv. onkruidodder weerstand.
- Uittoets van nuwe produkte.
- Uittoets van bestaande produkte.
- Tegnologie-oordrag met behulp van Boeredae en Inligtingsstukke.
- Saamtrek van Landbouwetenskaplikes.

Dit is vir S.K.O.G. uiters belangrik dat PRODUSENTE aktief deelneem aan sy bedrywighede. Daarom nooi ons u almal hartlik uit om insette te lewer en voorstelle te maak wat positief sal bydra tot die uitbou van hierdie organisasie. Onthou asseblief dat die proewe op Langgewens gedoen word vir u. U voorstelle kan gedoen word tydens Boeredae, deur Studiegroepe, Boereverenigings of sommer persoonlik aan deelnemende Landboukundiges.

S.K.O.G. se vyf Prinsipale is: Boland – Agri
 Departement Landbou: Wes-Kaap
 M.K.B.
 Proteïnavorsingstigting
 W.P.K.

S.K.O.G. Medewerkers :Verteenwoordigend van die totale Landbou – bedryf
 in die Wes-Kaap.

ONTHOU: S.K.O.G. is jou organisasie – gebruik dit tot jou voordeel !

S.K.O.G. BESTUURDER

LOU ROBERTSON

Navrae: Hoofdirektoraat Landbou:WK, Privaatsak X1 Elsenburg 7607 ,Tel 8085111.

Redaksie: HJC Agenbag DJ Hanekom Dr N Kotze

Geborg deur die Proteïnavorsingstigting